

**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2016

## EKONOMIE V2 MEMORANDUM

**PUNTE: 150**

Hierdie memorandum bestaan uit 14 bladsye.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 **MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

1.1.1 B hoeveelheid aangevra gelyk is aan die hoeveelheid aangebied. ✓✓

1.1.2 B advertensies. ✓✓

1.1.3 A openbare ✓✓

1.1.4 C dienslewerings-✓✓

1.1.5 C kern-inflasie. ✓✓

1.1.6 A ekonomiese wins ✓✓

1.1.7 B 'n negatiewe ✓✓

1.1.8 A waterbesoedeling.✓✓ (8 x 2) (16)

1.2 **MATCHING ITEMS**

1.2.1 G kostes of voordele wat 'n party beïnvloed wat nie betrokke is by 'n ekonomiese aktiwiteit nie ✓

1.2.2 F gebeur waar marginale koste die marginale inkome sny ✓

1.2.3 I aanvaar of verbied groot samesmeltings ✓

1.2.4 H toegang word deur lisensiëring beperk ✓

1.2.5 A meet die veranderinge in pryse van alle finale goedere en dienste wat in 'n spesifieke jaar geproduseer word ✓

1.2.6 C buitelanders wat Suid-Afrika besoek ✓

1.2.7 B stel afval aan die omgewing bekend ✓

1.2.8 D aktiwiteite van toeriste wat kunsgalerye, museums en ook feeste besoek ✓ (8 x 1) (8)

1.3 **GIVE ONE TERM**

1.3.1 Hernubare hulpbron ✓

1.3.2 Binnelandse toerisme ✓

1.3.3 Deflasie ✓

1.3.4 Pareto doeltreffendheid ✓

1.3.5 Prysmaker/Monopolie ✓

1.3.6 Homogene ✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**AFDELING B**

**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE**

2.1 2.1.1
- Kontanttoelae ✓
- Rentevrye lenings ✓
- Afskryf van Waardevermindering ✓
- Huurrabatte✓
- Kan direk of indirek wees

(Aanvaar enige ander korrekte, toepaslike antwoord) (1 x 2) (2)

2.1.2 Maak nie saak hoeveel die verskaffer verskaf aan die mark nie, dit kan nie die markprys verander nie, hy is 'n prys nemer, die vraagkurwe is volmaak elasties. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte, toepaslike antwoord) (1 x 2) (2)

2.2 **Data Respons**

2.2.1 $P_1$✓ (1)

2.2.2 $H_1$ ✓ (1)

2.2.3
- Die regering maak gebruik van tradisionele metodes om rykdom te verdeel ✓✓ bv. heffing van belastings en verskaffing van gratis dienste ✓
- Implementeer regstelling metodes om herverdeling af te dwing ✓✓ bv. SEB en regstellende aksie ✓

(Aanvaar enige ander korrekte, toepaslike antwoord) (Maks. 4) (4)

2.2.4
- Maksimum pryse laat die armes toe om makliker toegang te verkry tot sekere goedere en dienste. ✓✓
- Verkopers sal nie bereid wees om te verkoop teen die maksimum prys nie, gevolglik sal minder van die betrokke goedere aangebied word ✓✓
- 'n Swart mark kan ontstaan waar verkopers hulle goedere of dienste aanbied teen 'n prys wat hoër as die maksimum prys is. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte, toepaslike antwoord) (Enige 2 x 2) (4)

2.3 **Data Respons**

2.3.1 **Koste:**
hoë kapitaal koste, ✓ brandstofpryse, ✓ brandstof verbruikpatrone ✓ (Enige 1)
**Voordele:**
energie doeltreffendheid, ✓ lae koste behuising, ✓ sonkrag waterverwarmers ✓ (Enige 1) (2)

2.3.2 KVA – word aangewend om 'n investering projek te evalueer deur totale sosiale koste op te weeg teen totale sosiale voordele. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte, toepaslike antwoord) (2)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2.3.3
- Om te besluit om ŉ projek aan te pak, al dan nie ✓✓
- Om te bepaal of ŉ projek ŉ haalbare investering is, al dan nie ✓✓
- Bepaal of die projek die land as ŉ geheel sal bevoordeel ✓✓

(Aanvaar enige korrekte, toepaslike antwoord) (Enige 1 x 2) (2)

2.3.4
- Markte misluk a.g.v. ontoepaslike toekenning van hulpbronne ✓✓
- KVA poog om projek evaluerings te korrigeer vir moontlike markmislukking ✓✓
- ŉ Behoefte vir KVA ontstaan in gevalle van markmislukkings waar die regering daarna streef om benodigde dienste te verskaf ✓✓

(Aanvaar enige korrekte, toepaslike antwoord) (Enige 2 x 2) (4)

2.4 **Kartel** ✓
- ŉ Kartel is ŉ groep produsente wie se doel dit is om ŉ kollektiewe monopolie te vorm ten einde pryse vas te stel en aanbod en mededinging te beperk. ✓✓
- Oor die algemeen is kartelle ekonomies onstabiel omdat daar ŉ groter aansporing vir lede is om nie by die ooreenkoms te hou nie, om skelm pryse onwettig te sny en om meer te verkoop as die daargestelde kwotas. ✓✓
- Party bekende kartelle is olie produserende lande (OPEC) en De Beers diamante in Suid-Afrika. ✓✓
- Kartelle word oor die algemeen deur wetgewing verbied in die meeste lande. Tog bly hulle nasionaal en internasionaal voortbestaan. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante verduideliking) (Maks. 4)

**Prysleierskap** ✓
- ŉ Dominante onderneming sal die prys van sy produk verhoog in die hoop dat sy mededingers dit sal sien as ŉ sein om dieselfde te doen. ✓✓
- Dit is ŉ voorbeeld van stilswyende samespanning. ✓✓
- Voorbeelde van prysleierskap is in die staal- en voedselindustrieë. ✓

(Aanvaar enige ander relevante verduideliking) (Maks 4) (8)

2.5
- As gevolg van die feit dat monopolieë besluit op produksievlakke en hul eie prysvlakke bepaal, beïnvloed verbruikers (vraag) nie die prys of aanbod nie. ✓✓
- Die monopolie word tog beïnvloed deur die beperkte begroting van verbruikers omdat hulle besluit hoeveel hulle wil spandeer op ŉ betrokke produk. ✓✓
- Alhoewel die monopolie die enigste verskaffer van die produk is, mag verbruikers besluit om nie die produk te koop nie. ✓✓
- Ten spyte van onbeskikbaarheid van geen naby-substitute nie, mag verbruikers steeds substitute wat monopoliste verskaf, vervang ✓✓ bv. paraffien vir elektrisiteit ✓

(Aanvaar enige ander relevante respons) (Maks 8) (8)

**[40]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

3.1 3.1.1
- Toename in advertensies en promosies ✓
- Maklike verkryging van buitelandse valuta vir betalings ✓
- Groter bewustheid van gerief en ontspanning ✓
- Binnelandse toerisme ✓
- Toename in besteebare inkome ✓
- Verminderde werksure ✓
- Verbeterde vervoer-, kommunikasie- en akkommodasie-fasiliteite ✓
- Uitwerking van die internet ✓

(Aanvaar enige ander relevante respons) (2 x 1) (2)

3.1.2 Wanneer die pryse van belangrike sleutel insetgoedere styg (olie, energie, kapitaalgoedere en intermediêre goedere), word die plaaslike produksiekoste opwaarts gedruk. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante respons) (2)

3.2 **Data Respons**

3.2.1 2010 ✓ (1)

3.2.2 Afname/Daling ✓ (1)

3.2.3 VPI is 'n indeks wat die prys van 'n vaste mandjie goedere en dienste van 'n verbruiker, meet ✓✓ (2)

3.2.4
- Pryse styg teen 'n baie hoë koers, meer as 50% ✓✓
- Die geldeenheid van die land verloor krag omdat mense nie basiese goedere en dienste kan bekostig nie ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante respons) (Enige 1 x 2) (2)

3.2.5 VPI $I_{2012} = \dfrac{\text{Prys van mandjie in huidige jaar (2014)}}{\text{Prys van mandjie in basisjaar (2010)}} \times 100$ ✓

$= \dfrac{248{,}10}{200} \times 100$ ✓

$= 124{,}1$ ✓✓ (4)

3.3 **Data Respons**

3.3.1
- *Sho't left-veldtog* ✓
- *Its Here Vaya Mzantsi* ✓ (2 x 1) (2)

3.3.2 Die aktiwiteite waar mense reis vir verskeie doele, bv. konferensies, vergaderings, ontspanning, gesondheid, ens. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte, toepaslike antwoord) (2)

3.3.3
- Adverteer bestemmings met toeriste aantreklikhede ✓✓
- Bied 'n volledige toerisme pakket aan, ✓✓ bv. veilige en betroubare vervoer/gerieflike akkommodasie ✓

(Aanvaar enige ander korrekte, toepaslike antwoord) (Maks. 2) (2)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

3.3.4
- Toerisme in stedelike en plattelandse gebiede stimuleer die besigheidsomgewing in areas soos voedsel, ontspanning en ander dienste ✓✓
- Bied entrepreneurs geleenthede in die informele sektor ✓✓
- Konstruksie nywerheid, vervaardigingsektor en vervoersektor trek voordeel uit verhoogde vraag na toerisme ✓✓
- Besighede trek voordeel wanneer die regering die infrastruktuur ontwikkel, ✓✓ byvoorbeeld, opgradering van paaie, brûe en lughawens ✓

(Aanvaar enige ander korrekte, toepaslike antwoord) (Maks. 4) (4)

3.4
- <u>Toename in huishoudelike verbruik</u> a.g.v. maklike beskikbaarheid van krediet ✓✓
  Afname in besparings lei daartoe dat verbruikers meer geld het om te spandeer ✓✓
- <u>Besteding deur investeerders</u> mag lei tot hoër wins verwagtinge deur besighede ✓✓
  Hulle sal meer investeer, wat mag lei tot 'n toename in die vraag na goedere en dienste ✓✓
- <u>'n Toename in regeringsbesteding</u> lei tot 'n toename in pryse ✓✓
  Meer geld kom in sirkulasie a.g.v. 'n toename in besteding op infrastruktuur, verbruiksbesteding en sosiale besteding ✓✓
- Uitvoerverdienste sal groei a.g.v. <u>verhoogde vraag na plaaslik geproduseerde goedere in buitelandse lande</u>, sonder 'n styging in produksie ✓✓ dit mag tot hoër pryse lei ✓✓
- <u>Verlaging in individuele belastingrabatte</u>, wat verbruikers met meer besteebare inkome laat ✓✓ dit mag lei tot luukse bestedingspatrone deur verbruikers ✓✓ (Enige x 4) (8)

(Kandidate kan 'n maksimum van 2 punte verdien vir noem van feite)

3.5
- Toeriste besoek lande vir verskillende redes, maar hoofsaaklik, is hulle op soek na outentisiteit. ✓✓
- Kulturele dorpies kan verbeter word om toerisme te fasiliteer ✓✓
- Advertensieveldtogte, plaaslik en internasionaal, kan daarop fokus om erfenisgebiede te bevorder – dit sal toeriste meer bewus maak van hierdie gebiede ✓✓
- Toeriste kan aangemoedig word om verskillende kulture te ervaar deur by 'n huishouding in die 'township' te bly en by 'n sjebien te eet ✓✓
- Kuns- en kultuurfeeste, bv. Die Nasionale Kunstefees en *Macufe African Cultural Festival*, behoort wyd geadverteer te word om toeriste aan te moedig om dit by te woon ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte, toepaslike antwoord) (Enige 4 x 2) (8)

**[40]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

4.1 4.1.1
- Produkte is gedifferensieerd ✓
- Dit is 'n hibriede struktuur ✓
- Min beheer oor pryse ✓
- Uittrede en toetrede is relatief maklik ✓
- Kopers en verkopers beskik oor onvolledige inligting ✓
- Afwesigheid van 'n onderneming se interafhanklikheid ✓
- Nie-prysmededinging ✓

(Aanvaar enige ander korrekte, toepaslike antwoord) (Enige 2 x 1) (2)

4.1.2
- Om te verseker dat ons omgewing ongedeerd bly, bv. ons strande en al die organisme wat daarbinne lewe. ✓✓
- Om respek te kweek vir verskillende kulture en menseregte ✓✓
- Bevordering van herwinning, energie doeltreffendheid, bewaring van water. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte, toepaslike antwoord) (2)

4.2 **Data Respons**

4.2.1 Die land is basies ✓ en ongeskonde ✓ (2 x 1) (2)

4.2.2
- Toeriste besoedel die omgewing ✓✓
- Toeriste buit die natuur uit ✓✓

(Aanvaar enige toepaslike antwoord) (Enige 1 x 2) (2)

4.2.3
- Toeriste mag voordeel trek deur hulle eie land se sterk geldeenheid te gebruik vir 'n luukse vakansie ✓✓
- Toeriste sal produkte vir goedkoop kan koop ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte, toepaslike antwoord) (Enige 1 x 2) (2)

4.2.4
- Suid-Afrika verdien meer buitelandse verdienste a.g.v. goedkoop produkte ✓✓
- Die land is 'n goedkoop vakansie bestemming waar toeriste meer bestee en langer vakansie hou a.g.v. die lae waarde van die rand ✓✓
- Die vraag na plaaslik geproduseerde produkte sal toeneem wat werk skep in verskeie sektore ✓✓
- Suid-Afrikaanse besighede geniet groter blootstelling aan die vraag van buitelanders en poog om in hulle behoeftes te voorsien ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte, toepaslike antwoord) (Enige 2 x 2) (4)

4.3 4.3.1 'n Oligopolie ✓ (1)

4.3.2 Prys – 10 ✓ (1)

4.3.3
- 'n Oligopolie het min om te wen deur pryse te verlaag en baie om te verloor deur pryse te verhoog ✓✓
- Die vraagkurwe het twee segmente, een vir hoër pryse wat elasties is en een vir laer pryse wat onelasties is.✓✓
- Die vraagkurwe is geknak ✓✓

(Aanvaar enige toepaslike antwoord) (Enige 2 x 2) (4)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

4.3.4
- Besighede pas produkdifferensiasie toe (fisiese voorkoms van die produk) wanneer elke besigheid 'n produk produseer wat ietwat verskillend is van die produk wat andere produseer ✓✓
- 'n Spesifieke beeld, wat aanklank vind by verbruikers, word aan 'n produk toegeken ✓✓
- Besighede gebruik advertensies en bemarking om handelsmerk lojaliteit op te bou ✓✓
- Lojaliteit beloning en deur tot deur aflewering is voorbeelde van nie-prysmededinging ✓✓
- Produkte is gedifferensieerd in terme van verpakking ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte, toepaslike antwoord) (Enige 2 x 2) (4)

4.4
- **Salaris- en loontrekkers** ✓ – beïnvloed mense wie se inkome relatief vas is, inkome wat nie verander soos wat die pryse in die mark toeneem nie ✓✓ bv. pensionarisse en die armes. ✓
- **Investeerders en bespaarders** ✓ – investeerders neig om voordeel te trek wanneer hulle investeer in bates met 'n buigsame markwaarde, ✓✓ maar hulle sal negatief beïnvloed word as hulle investeer in bates met vaste nominale waardes. ✓✓ Aan die ander kant verloor bespaarders wat geld belê in vaste deposito's, ✓ a.g.v. die afname in die reële waarde van geld. ✓✓
- **Krediteure en debiteure** ✓ – debiteure word bevoordeel deur prysstygings omdat hulle skulde terugbetaal met geld met 'n lae koopkrag ✓✓ en krediteure word benadeel, want wanneer hulle die geld moet terugbetaal, het dit koopkrag verloor. ✓✓
- **Industriële vrede** ✓ – loon bedinging gaan soms saam met stakings en massa-aksie ✓✓ wat soms in geweld kan oorloop wat die gemeenskap in geheel kan skaad. ✓✓
- **Belastingbetalers** ✓ – belastingbetalers is geneig om in 'n hoër belasting kerf gedruk te word, want belasting word betaal op nominale lone ✓✓ die lewenstandaard word egter bepaal deur reële lone (hulle verdien meer, betaal meer belasting en koop minder ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte, toepaslike antwoord) (Enige 2 x 4) (8)

4.5
- Die regering kan **negatiewe eksternaliteite** verminder ✓✓
- Die regerings het veldtogte geloods ten einde mense te verander/oorreed om nie negatiewe eksternaliteite te veroorsaak nie. ✓✓
- Heffing van belasting op goedere wat negatiewe eksternaliteite veroorsaak ✓✓ bv. belasting word gehef op sigarette en alkohol. ✓
- Afdwing van wette en regulasies om aktiwiteite te voorkom wat negatiewe eksternaliteite veroorsaak ✓✓ bv. tabak maatskappye word nie toegelaat om te adverteer nie. ✓
- Die regering het wette ingestel wat die hoeveelheid lugbesoedeling en afval reguleer. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte, toepaslike antwoord) (Maks. 4)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

- Die regering **moedig positiewe eksternaliteite aan** deur: ✓✓
- Advertensies oor die radio of televisie moedig Suid-Afrikaners aan om skaars hulpbronne wat deur die regering verskaf word, op ŉ spesifieke manier aan te wend ✓✓
- Verskaffing van onderwys, gesondheidsorg en ander dienste teen ŉ lae koste of gratis aan voorheen benadeelde gemeenskappe ✓✓
- Verskaf verbruikers subsidies aan arm gemeenskappe ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte, toepaslike antwoord) (Maks. 4) (8)
**(40)**

## AFDELING C

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTETOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>• ŉ Goeie begin sal wees om die begrip of sleutelwoord wat in die vraag gebruik word, te definieer.<br>• Sluit ander sinne in om die onderwerp te ondersteun.<br>• Moenie enige gedeelte van die vraag in jou inleiding insluit nie.<br>• Moenie enige gedeelte van die inleiding in jou inhoud herhaal nie.<br>• Vermy om in die inleiding te sê wat jy in die inhoud gaan bespreek | Maks. 2 |
| **Inhoud**<br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in detail/In-diepte bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed/Vergelyk/ Evalueer/Onderskei/Differensieer/Verduidelik/Assesseer/ Debatteer | Maks. 26 |
| **Addisionele gedeelte:** Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Teken ŉ grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/ Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/ Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks | Maks. 10 |
| **Slot**<br>Enige toepaslike hoër orde slot wat die volgende behoort in te sluit:<br>• ŉ Kort opsomming van wat bespreek is/ontleed sonder om reeds genoemde feite, in die inhoud, te herhaal<br>• ŉ Mening of gewaardeerde oordeel oor die bespreekte feite<br>• Addisionele ondersteunende inligting om bespreking te versterk/ontleding<br>• ŉ Teenstrydige sienswyse met motivering, indien vereis<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **Maks. 40** |


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE**

**Bespreek die drie korttermyn ewewigsposisies, by volmaakte markte, met behulp van grafieke met volledige byskrifte.**


**Waarom is ewewigsposisies oor die korttermyn nie volhoubaar oor die langtermyn nie?**

**INLEIDING**

Die individuele onderneming kan 'n ekonomiese wins, ekonomiese verlies of normale wins oor die korttermyn maak. Dit word verwys na as korttermyn ewewig posisies. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte, toepaslike antwoord) (2)

**INHOUD**

**Ekonomiese wins ✓**
'n Besigheid maak 'n ekonomiese wins wanneer gemiddelde inkome meer as gemiddelde koste. ✓✓




**Puntetoekenning**
- Korrekte byskrifte van asse **1 punt**
- Korrekte Koste kurwes **1 punt**
- Akkurate Inkomste kurwes **1 punt**
- Wins maksimeringspunt **2 punte**
- Ekonomiese wins area **2 punte**

**Maks. = 4**


Gegewe 'n markprys van $P_3$, sal wins gemaksimeer word waar MI = MK = $P_3$.✓✓
- Dit gebeur by hoeveelheid van $Q_3$.✓
- By $Q_3$ is die besigheid se gemiddelde inkome (GI) per eenheid, gelyk aan $P_3$. ✓
- Die gemiddelde koste per eenheid is $C_1$ wat laer is as prys $P_3$.✓
- Die onderneming maak 'n ekonomiese wins per eenheid geproduseer, van $P_3$ – $C_1$. ✓

**'n Ander verduideliking**
- Totale inkome is gelyk aan $P_3 \times Q_3$, daarom word totale inkome voorgestel deur die area $0P_3E3Q_3$. ✓✓
- Totale koste is gelyk aan $C_1 \times Q_3$, dit verteenwoordig die area $0C_1MQ_3$. ✓✓
- Die verskil tussen hierdie twee areas is die ekonomiese wins wat voorgestel word deur die grys gedeelte, $C_1P_3E_3M$. ✓✓ (Maks. 4 vir verduideliking)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**Ekonomiese verlies** ✓
'n Besigheid maak 'n ekonomiese verlies wanneer gemiddelde inkome laer is as gemiddelde koste. ✓✓




**Puntetoekenning**
- Korrekte byskrifte van asse **1 punt**
- Korrekte Koste kurwes **1 punt**
- Akkurate Inkomste kurwes **1 punt**
- Wins maksimeringspunt **2 punte**
- Ekonomiese wins area **2 punte**

**Maks. = 4**


- Gegewe 'n markprys van $P_3$, word wins gemaksimeer waar MI = MK by punt $E_3$. ✓✓
- Dit gebeur by hoeveelheid $Q_3$. ✓
- By $Q_3$ is die onderneming se gemiddelde inkome (GI) per geproduseerde eenheid, $P_3$. ✓
- Die gemiddelde koste per eenheid is $C_3$ waar dit hoër is as die prys van $P_3$. ✓
- Die onderneming maak 'n ekonomiese verlies per geproduseerde eenheid wat gelyk is aan die verskil tussen $C_3$ en $P_3$. ✓✓

**'n Ander verduideliking.**
- Totale inkome is gelyk aan $P_3 \times Q_3$, daarom verteenwoordig totale inkome die area $0P_3E3Q_3$. ✓✓
- Totale koste is gelyk aan $C_3 \times Q_3$, dit word verteenwoordig deur die area $0C_3MQ_3$. ✓✓
- Die verskil tussen hierdie twee areas is die ekonomiese verlies wat voorgestel word deur die grys area $C_3P_3E_3M$. ✓✓
- Of die onderneming moet voortgaan om te produseer, sal afhang van die vlak van die GI (dit is $P_3$) relatief tot die onderneming se gemiddelde veranderlike koste. ✓✓ (Maks. 4 vir verduideliking)

**Normale Wins** ✓
'n Onderneming maak 'n normale wins waar totale inkome (TI) gelyk is aan totale koste of wanneer gemiddelde inkome (GI) gelyk is aan gemiddelde koste (GK). ✓✓
Normale wins is die maksimum opbrengs wat die eienaar van die onderneming verwag om te ontvang om voort te bestaan in die industrie. ✓✓


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com




**Puntetoekenning**
- Korrekte byskrifte van asse **1 punt**
- Korrekte Koste kurwes **1 punt**
- Akkurate Inkomste kurwes **1 punt**
- Wins maksimeringspunt **2 punte**
- Ekonomiese wins area **2 punte**

**Maks. = 4**

- Gegewe 'n markprys van $P_2$, word wins gemaksimeer waar MI = MK = $P_2$. ✓✓
- Dit gebeur by 'n hoeveelheid van $Q_2$. ✓
- By $Q_2$ is die onderneming se gemiddelde inkome (GI) per geproduseerde eenheid $P_2$, wat ook gelyk is aan die gemiddelde koster per eenheid $C_2$ (AK). ✓
- Omdat GI = GK, maak die onderneming 'n normale wins, want al die kostes is ten volle gedek. ✓✓
- Punt $E_2$ word gewoonlik die gelykbreekpunt genoem. ✓✓

**'n Ander verduideliking**
- Totale inkome is gelyk aan $P_2 \times Q_2$, daarom word totale inkome voorgestel deur die area $0P_2E_2Q_2$. ✓✓
- Totale koste is gelyk aan $C_2 \times Q_2$, dit word verteenwoordig deur die area $0P_2E_2Q_2$. ✓✓
- Omdat totale inkome gelyk is aan totale koste, maak die produsent 'n normale wins. ✓✓ (Maks. 4 vir verduideliking) (26)

**ADDISIONELE GEDEELTE**
- Wins is 'n sein vir toetrede van nuwe besighede en uitbreiding van bestaande besighede ✓✓
- Nuwe tegnologie ontwikkel daagliks en lei tot toenemende aanbod in die mark ✓✓
- Die hoeveelheid wat besighede aan die mark bied, neem toe (dit dui op massaproduksie) ✓✓
- Die toename in aanbod, lei tot 'n afname in prys a.g.v. laer eenheidskoste ✓✓
- Alle besighede in die industrie wil 'n normale wins maak en produseer teen die minimum punt van die langtermyn gemiddelde koste kurwe ✓✓
- Die ekonomiese verlies lei tot sommige besighede wat die mark verlaat en die aanbod sal daal. ✓✓
- Die daling in aanbod sal lei tot 'n toename in prys totdat dit dieselfde vlak bereik as die langtermyn gemiddelde koste.✓✓
- As ondernemings hulle verliese kan omswaai in winste, sal hulle normale wins oor die langtermyn realiseer ✓✓ (Maks. 10) (10)

**SLOT**

In die praktyk is daar slegs 'n paar volmaakte markte in sekere sektore, wat aan die voorwaardes voldoen, byvoorbeeld in mynwese en landbou. Hierdie sektore illustreer die manier hoe die markmeganisme werk.✓✓
(Aanvaar enige toepaslike slot.) (2)

**[40]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**

- **Bespreek openbare sektor beheer as maatreëls om omgewingsvolhoubaarheid te verseker.**
- **Hoe doeltreffend is die Suid-Afrikaanse regering se ingrypings met betrekking tot omgewingsvolhoubaarheid?**

**INLEIDING**

Die omgewing bring lewe vir elke lewende organisme, dit is belangrik dat ons daarna omsien en seker maak dat ons dit veilig bewaar vir toekomstige geslagte.✓✓
(Aanvaar enige toepaslike inleiding) (2)

**INHOUD**

**Toestaan van eiendomsreg** ✓
- Dit beteken dat die regering mense die reg gee om sekere gebiede te besit, bv. dele van strome, bosse, ens. Dit het positiewe uitwerkings op bewaring, want dit verseker dat mense omsien na die eiendom wat hulle besit. ✓✓

**Betalings/Heffings vir die gebruik van die omgewing** ✓
- Verbruikers en produsente moet betaal vir die gebruik en misbruik van die omgewing. ✓✓
- Daar word 'n maandelikse fooi deur die regering gehef vir die afval wat geproduseer word, bv. munisipale heffings. ✓✓
- Die regering belas ook industrieë en voertuig eienaars met heffings op uitlaatgasse. ✓✓

**Omgewingsbelasting** ✓
- Dit staan ook bekend as groenbelasting of eko-belasting. ✓✓
- Die regering hef hierdie belasting op verbruik van 'n goed wat 'n negatiewe uitwerking op die omgewing het en wat nie goed is vir die omgewing nie, bv. heffing op plastieksakke. ✓

**Omgewingsubsidies** ✓
- Die regering subsidieer aktiwiteite wat omgewingskade verminder. ✓✓
- Hierdie aktiwiteite sluit in die verbetering van tegnieke en toerusting soos son-energie en windkrag om lugbesoedeling te verminder ✓✓
- Produsering van omgewings vriendelike substitute, soos loodvrye petrol en ondersteuning en aanmoediging van afval herwinning ✓✓

**Bevel en Beheer (BEB)**✓
- Die regering dwing beleid af deur maksimum uitflaatvlakke van gasse daar te stel. ✓✓
- Meeste ontwikkelde lande het regulasies wat lug- en waterbesoedeling beheer.✓✓

Daar is 3 benaderings tot BEB-stelsels:
- Hoeveelheidstandaarde: Dit fokus op die hoeveelheid besoedeling wat veroorsaak word. ✓✓
- Kwaliteitstandaarde: Dit fokus op die impak wat uitgestraalde besoedeling op die omgewing het. ✓✓
- Sosiale impakstandaarde: Dit fokus op die uitwerking wat uitstraling van besoedeling op mense het. ✓✓


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**Onderwys** ✓

- Dis nodig dat mense meer bewus gemaak moet word van omgewingskwessies en die gevolge van hulle aksies – onderwys speel ŉ belangrike rol in verbetering van mense se vermoë om die omgewing te bestuur. ✓✓
- Dit kan gedoen word deur dit na skole te neem en deur tradisionele landboustelsel weer te herlaai met energie. ✓✓

**Vrywillige maatreëls** ✓

- Regering probeer om vrywillige ooreenkomste met besighede aan te gaan ten einde besoedeling ter verminder, eerder as om wette en regulasies in te stel. ✓✓
- Die ooreenkomste sluit formele kontrakte en informele verbintenisse wat besighede oor onderhandel, om by hulle eie omstandighede aan te pas ✓✓

ŉ Maksimum van 8 punte vir opskrifte. (Maks. 26) (26)

**ADDISIONELE GEDEELTE**

**Hoe doeltreffend is die Suid-Afrikaanse regering se ingrypings met betrekking tot omgewingsvolhoubaarheid**?

- In ŉ poging om omgewings probleme, wat deur plastiek winkel sakke veroorsaak word, te beheer, het die Suid-Afrikaanse regering ŉ heffing per sakkie in te stel om die gebruik daarvan te ontmoedig ✓✓
- Die heffing is slegs suksesvol oor die korttermyn. Die doeltreffendheid van die heffing het aangehou afneem ten spyte van omvattende toepassing by betaalpunte – daar is baie plastieksakke wat die omgewing besoedel. ✓✓
- ŉ Bande heffing is ingestel om hergebruik aan te moedig, te hersirkuleer en om afval te herwin as gevolg van Suid-Afrika wat jaarliks miljoene afval genereer ✓✓
- Elektriese filament gloeilampe (bv. nie energie-besparende gloeilampe ✓) is onderhewig aan ŉ betaling van ŉ Omgewings heffing indien dit in die RSA gebruik word ✓✓
- Om die gebruik van energie besparende gloeilampe aan te moedig, subsidieer die regering inwoners in plattelandse gebiede deur hulle nie-besparende gloeilampe gratis om te ruil vir energie-besparende gloeilampies ✓✓
- ŉ Heffing op koolstofdioksied gasse wat deur motors vrygestel word, is ingestel, waar nuwe passasiers voertuie belas word volgens hulle gesertifiseerde koolstofdioksied gas uitlating. ✓✓
- Die doel van die heffing is om die samestelling van die Suid-Afrikaanse voertuig vloot meer energie doeltreffend en omgewingsvriendelik te maak. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte, toepaslike antwoord) (Enige 5 x 2) (10)

**SLOT**

Dit is voor die hand liggend dat die omgewing ŉ waardevolle hulpbron is en die regering als moet doen wat moontlik is om daarna om te sien en daarom behoort die publiek dieselfde te doen. ✓✓
(Aanvaar enige toepaslike slot) (2)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**


Downloaded from eduresourceza.com